# JEUGLES – Gebedsaand

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. INSTRUKSIES VIR DIE AAND:

- Ons gaan in die grootgroep in die kerk bly vir die aand
- Ek sal elke deel lees en verduidelik, en julle doen dan die aktiwiteit en die bidwerk in die groepe

## 3. GEBEDSPUNTE:

- Sonde “boks ons in”, maar Jesus maak ons vry
- Om anders te leef sodat die wêreld Jesus in ons kan sien
- Om ander van Jesus te kan vertel
- Bid vir verlorenes
- Prayerwalk

### 3.1 Sonde “boks ons in”, maar Jesus maak ons vry

| |
|---|
| **Benodighede**: Skoenbokse met “God haat alle sondes” op aan een kant en “Jesus maak ons vry” aan ander kant, sleutels met teksverse oor vergifnis, penne |
| **INHOUD:**<br><br>Daar was eendag twee seuns. Die een se naam is Jakobus. Hy is ‘n wille ou. Hy hang uit met ‘n klomp wille ouens. Hy was al baie in die moeilikheid. Hy is bekommerd dat God hom nie sal vergewe oor al die slegte dinge wat hy al gedoen het nie.<br><br>Ryno gaan gereeld kerk toe en kry goeie punte op skool. Hy pas sy klein sussie op wanneer sy ma en pa hom vra. Hy dink hy is ‘n goeie Christen, maar is nie seker of God hom sal vergewe vir die klein wit leuentjies wat hy soms vertel nie.<br><br>As jy vandag met Jakobus en Ryno met daardie twyfel sit, wil ons in hierdie gebedsessie jou leer wat om te doen om op te hou twyfel.<br><br>Haal boks uit met “God haat alle sonde”. Sonde “boks ons in” en keer dat ons die lewe lei wat God vir ons bedoel. God haat alle sonde. Daar is nie klein of groot sondes nie. Die goeie nuus is deur Jesus se bloed word ons vergewe as ons opreg gaan jammer sê. |
| **Tyd vir stil gebed**: Gee vir elke kind ‘n papier sleutel met teksvers oor vergifnis. Lees die teksvers op die sleutel en dan kan jy jou naam aan die ander kant skryf. Nou kry jy tyd om enige sondes te bely. Dis tussen jou en God en jy hoef dit met niemand te deel nie. |
| **Aktiwiteit:** Draai die boks nou om dat dit wys Jesus maak vry. Nou kan die kinders op staan en die sleutels met hul name op in die boks gooi en weet dat God hulle vergewe. |

## 3.2 Om anders te leef sodat die wêreld Jesus in ons kan sien

| |
|---|
| **Benodighede**: Gewone water en bottel Sprite met stickers op wat lees Ou Mens en Nuwe Mens, blaaitjies, penne |
| **INHOUD:**<br>Deur Jesus se dood en opstanding het ons 'n nuwe lewe in Hom. Lees: 2 Korinthiërs 5:17: Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.<br><br>Hou die bottel met water op. Voordat ons ons harte vir Jesus gee, is ons soos hierdie bottel. Nie veel gaan aan nie. Daar is nie lewe nie. (Gooi water in glas.) Heel boring.<br><br>Hou nou die bottel met Sprite in die lug. Wanneer ons ons harte vir Jesus gee, gebeur daar iets amazings. Hy vat daai ou boring mens en maak ons nuut. Hy maak ons vol van Sy lewe. Maak die Sprite oop. Luister sommer as ons dit oopmaak, klink dit anders. (Gooi dit uit in glas) Kyk al die borrels. Soveel anders as die ou mens ne? |
| **Tyd vir stil gebed**: Bid dat God jou sal help om reg te leef hierdie jaar, al is dit hoe moeilik. Skryf een ding op die blaaitjie neer wat jy sommer nou dadelik gaan probeer doen om vir ander te wys dat jy 'n nuwe mens in Jesus is. |
| **Aktiwiteit:** Plak die blaaitjie op die commitment plakkaat om te wys dat jy onderneem om hierdie jaar nuut te leef. |

## 3.3 Om ander van Jesus te kan vertel

| |
|---|
| **Benodighede**: Trek skoene uit. Al die helpers moet kaalvoet wees. Blaaitjies en penne |
| **INHOUD:**<br>Wie van julle hou van voete? Hou julle van hoe voete lyk? En wat van hoe hulle ruik? Kom ek gaan julle wys hoe lyk my voete. Dink julle nie my voete is mooi nie? Wie wil aan my voete kom ruik?<br><br>Voete is nie gewoonlik die mooiste liggaamsdeel aan iemand se lyf nie. Mens sal gewoonlik sê iemand het mooi oë of mooi hande, maar nie dat iemand mooi tone het nie.<br><br>Voete kan sleg ruik as dit heeldag in stewels en kouse was en party tone kan krom lyk.<br><br>Weet julle wie hou van voete? God!<br><br>Romeine 10:15 sê: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring."<br><br>So hierdie gedeelte wys vir ons dat God baie hou van ons voete wanneer ons gaan en die goeie boodskap gaan vertel aan ander van Jesus en dat Hy vir ons nuwe lewe gee. |
| **Tyd vir stil gebed**: Het jy al vir iemand van Jesus vertel? Het jy dalk al 'n vriend of familielid na die kerk of jeug genooi? Het jy al saam met iemand gebid? Skryf een ding op die blaaitjie neer wat jy dadelik gaan begin doen sodat jou voete aan die beweeg kan kom. Bid nou daaroor en dat jou voetstappe lieflik sal klink vir God. |
| **Aktiwiteit:** Plak die blaaitjie op die commitment plakkaat om te wys dat jy onderneem om van vandag af jou voete vir Jesus te laat werk. |

## 3.4 Bid vir verlorenes

| |
|---|
| **Benodighede**: Groot boks met "Verlore items" op en goed daarin wat kinders moontlik sal verloor. Muntstukke. |
| **INHOUD:**<br>Het julle skool 'n lost and found? Ek is seker dit het. Ons mense verloor mos maar goed. (Haal lost and found boks uit) Dis darem die begin van die jaar so daar is nie baie in ons jeug se lost and found nie, maar soos die jaar aangaan sal dit vermeerder. Kom ons kyk wat is in hierdie boks.<br>- Skoene – Hoe het die persoon nie opgelet hulle is sonder hul skoene huistoe nie?<br>- Kosblik – Ek het altyd my kosblik by die skool iewers vergeet en toe het my ma maar begin om vir my in bruin papiersakke my kos te sit.<br>- Handskoene – Dis nou lekker warm so hulle gaan dit nie nou mis nie, maar wanneer winter kom gaan hulle dit mis.<br>Wie het al iets belangrik verloor? Die Bybel praat ook iets van mense wat belangrike goed verloor het. Daar was eendag 'n vrou wat tien silvermuntstukke gehad het en een het weggeraak. Sy het haar lamp aangesteek en die hele huis uitgevee en oral gesoek vir dit. Toe sy dit kry, was sy so bly dat sy vir almal vertel het dat dit weg was, maar dat sy dit nou gekry het.<br>Wat het dit met ons te doen? God is lief vir ons en wil nie hê dat iemand hel toe moet gaan nie. Lukas 15:10 sê: Ek sê vir julle: Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer. |
| **Tyd vir stil gebed**: Net soos daar die vrou bly was oor haar munstuk wat sy gekry het, is God bly oor sondaars wat tot bekering gekom het en nie meer oppad is hel toe nie. Ons gaan nou bid vir die mense wat nie God ken nie en nog verlore is. Jy kan bid vir spesifieke mense of net oor die algemeen vir die mense in die wêreld. |
| **Aktiwiteit**: Elkeen kan 'n "muntstuk" vat met Lukas 15:10 op om hulle te herinner om altyd vir verlorenes te bid. |

## 4. Sluit af met gebed en deel selfone uit